Woodoc 25 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Geskik vir aanwending op alle binnenshuise houtvloere en –trappe. Slegs vir binnenshuise gebruik. Bestand teen normale huishoudelike slytasie. **Woodoc 25 is nie 'n industriële produk nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 25 Satyn verleen 'n kleurlose of Oregon-getinte glansafwerking. Dis 'n merkwaardig sterk, slytasiebestande vloerverseëlaar en verleen 'n kenmerkende diep glans aan vloere.

- Water-, alkohol-, hitte-en vlekbestand.
- Maklike aanwending.
- Dring hout binne, bind daarmee en verleen 'n buigsame, dog sterk en weerstandige oppervlakafwerking.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Vul die grein van oopgreinhoutsoorte.
- Vloeroppervlak kan glad wees nadat vloer met hierdie produk verseël is.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

LET WEL: Houtvloere wat met Woodoc 25 verseël is, behoort nie met water en skoonmaakmiddels/seep gewas te word nie. Maak skoon met 'n klam lap of 'n bietjie Woodoc Diep Penetrende Meubelwas op 'n lap of wend Woodoc Antique Wax aan en poleer.

Nr: WD25/005 Gedateer: **24/08/11**
Naam: Woodoc 25 – Poliuretaan Vloer Verseëlaar – Satyn Afwerking.
Kleurloos of Oregon-getint
Beskrywing:
Diep "gepoleerde" greinvullende afwerking
Dekking:
Eerste laag: 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae:12-14 m^2/liter. 3 lae(gemiddeld): 3,3 m^2/liter.
Aanwending:
Verkieslik met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer, afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Kleurlose of Oregon-getinte, loodvrye, binnenshuise houtverseëlaar.
Formaldehiedvry.
Wasinhoud: Geen.
Verenigbaarheid:
Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
Kleurloos: 500 ml, 1 liter en 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)
Oregon: 1 liter, 5 liter. (20 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538